Remgro Beperk



GEOUDITEERDE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL	+58.2%
WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL UITGESLUIT MEDICLINIC HERFINANSIERINGSKOSTE	+20.5%
GEWONE DIVIDEND PER AANDEEL	+12.4%
INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL	+20.1%

Registrasienommer 1968/006415/06 / ISIN ZAE000026480 / Aandelekode REM

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel	1 Julie 2012 Hersaamgestel
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**5 616**	5 390	3 502
Biologiese landboubates	**499**	407	318
Beleggingseiendomme	**42**	42	37
Ontasbare bates	**5 811**	5 831	356
Beleggings – Geëkwiteer	**52 169**	45 408	38 123
– Ander	**2 642**	2 168	1 587
Aftreevoordele	**210**	184	164
Lenings	**629**	497	115
Uitgestelde belasting	**14**	4	7
	67 632	59 931	44 209
Bedryfsbates	**11 876**	12 575	13 678
Voorraad	**2 408**	2 533	2 004
Biologiese landboubates	**539**	537	476
Debiteure en korttermynlenings	**3 330**	2 929	2 059
Belegging in geldmarkfondse	**1 171**	1 140	2 344
Kontant en kontantekwivalente	**3 657**	4 188	6 485
Ander bedryfsbates	**17**	472	136
	11 122	11 799	13 504
Bates gehou vir verkoop	**754**	776	174
Totale bates	**79 508**	72 506	57 887
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde en uitgereikte kapitaal	**3 605**	3 605	8
Aandelepremie	**–**	–	3 597
Reserwes	**62 802**	55 456	49 735
Tesourie-aandele	**(372)**	(431)	(169)
Aandeelhouersekwiteit	**66 035**	58 630	53 171
Nie-beherende belang	**2 599**	2 015	849
Totale ekwiteit	**68 634**	60 645	54 020
Nie-bedryfslaste	**2 199**	7 827	1 068
Aftreevoordele	**258**	265	213
Langtermynlenings	**436**	5 849	138
Uitgestelde belasting	**1 505**	1 713	717
Bedryfslaste	**8 675**	4 034	2 799
Handels- en ander krediteure	**3 791**	3 429	2 487
Korttermynlenings	**4 661**	399	293
Ander bedryfslaste	**37**	27	19
	8 489	3 855	2 799
Laste gehou vir verkoop	**186**	179	–
Totale ekwiteit en laste	**79 508**	72 506	57 887
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
– Teen boekwaarde	**R128.56**	R114.25	
– Teen intrinsieke waarde (ongeouditeer)	**R245.96**	R204.83	

Verwys na aantekening 2 vir verdere besonderhede met betrekking tot die hersamestellings.

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2014	Jaar geëindig 30 Junie 2013 Hersaamgestel
Verkope	**24 621**	16 466
Voorraaduitgawes	**(15 374)**	(11 610)
Personeelkoste	**(3 747)**	(2 707)
Waardevermindering	**(592)**	(428)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(4 238)**	(1 306)
Handelswins	**670**	415
Dividendinkomste	**43**	34
Rente ontvang	**326**	252
Finansieringskoste	**(1 057)**	(181)
Negatiewe klandisiewaarde	**–**	196
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	**22**	(158)
Wins/(verlies) met die verkoop van beleggings	**51**	(150)
Gekonsolideerde wins voor belasting	**55**	408
Belasting	**(57)**	(261)
Gekonsolideerde wins/(verlies) na belasting	**(2)**	147
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	**6 853**	4 035
Netto wins vir die jaar	**6 851**	4 182
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**6 917**	4 179
Nie-beherende belang	**(66)**	3
	6 851	4 182
GEËKWITEERDE BELEGGINGS		
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings		
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**8 584**	5 405
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(262)**	(162)
Wins met die verkoop van beleggings	**174**	117
Ander nie-herhalende en kapitale items	**201**	66
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**8 697**	5 426
Belasting	**(1 558)**	(1 199)
Nie-beherende belang	**(286)**	(192)
	6 853	4 035

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2014	Jaar geëindig 30 Junie 2013 Hersaamgestel
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**6 917**	4 179
Plus/(minus):		
– Negatiewe klandisiewaarde	**–**	(196)
– Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**(92)**	29
– Waardedaling van ander beleggings	**80**	112
– Netto waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**(5)**	10
– Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**(32)**	154
– Verlies met die verkoop van geëkwiteerde beleggings	**83**	20
– Wins met die verkoop van ander beleggings	**(98)**	(24)
– Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(12)**	(12)
– Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**(244)**	(13)
– Netto (wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(131)**	8
– Wins met die verkoop van beleggings	**(174)**	(117)
– Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**262**	162
– Ander nie-herhalende en kapitale items	**(201)**	(66)
– Belastinguitwerking van aansuiwerings	**33**	(63)
– Nie-beherende belang	**5**	–
Wesensverdienste	**6 635**	4 196
Mediclinic herfinansieringskoste	**–**	1 312
Wesensverdienste, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste	**6 635**	5 508

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

Sent	Jaar geëindig 30 Junie 2014	Jaar geëindig 30 Junie 2013 Hersaamgestel
Wesensverdienste per aandeel		
– Basies	**1 292.4**	817.1
– Verwater	**1 270.3**	805.0
Verdienste per aandeel, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste		
– Basies	**1 292.4**	1 072.6
– Verwater	**1 270.3**	1 055.5
Verdienste per aandeel		
– Basies	**1 347.3**	813.8
– Verwater	**1 325.7**	800.6
Dividende per aandeel		
Gewoon	**389.00**	346.00
– Tussen	**156.00**	145.00
– Finaal	**233.00**	201.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2014	Jaar geëindig 30 Junie 2013 Hersaamgestel
Netto wins vir die jaar	**6 851**	4 182
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**2 444**	3 372
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:		
Wisselkoersaanpassings	**298**	889
Billike waarde aanpassings vir die jaar	**346**	(189)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**(43)**	(6)
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**(176)**	223
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**2 015**	2 904
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:		
Aktuariële winste en verliese	**23**	8
Uitgestelde belasting op aktuariële winste en verliese	**(6)**	(2)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**(13)**	(455)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**9 295**	7 554
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**9 357**	7 553
Nie-beherende belang	**(62)**	1
	9 295	7 554

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2014	Jaar geëindig 30 Junie 2013 Hersaamgestel
Saldo op 1 Julie (soos voorheen gerapporteer)	**60 645**	54 253
Uitwerking van veranderinge in rekeningkundige beleid	**–**	(233)
Saldo op 1 Julie (hersaamgestel)	**60 645**	54 020
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**9 295**	7 554
Dividende betaal	**(1 834)**	(1 745)
Belegging in filiale	**(529)**	–
Besigheid aangekoop	**–**	331
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	**876**	822
Ander bewegings	**114**	1
Tesourie-aandele deur volfiliaal aangekoop	**–**	(405)
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**67**	67
Saldo aan die einde van die jaar	**68 634**	60 645

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2014	Jaar geëindig 30 Junie 2013 Hersaamgestel
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**898**	1 040
Belasting betaal	**(135)**	(236)
Dividende ontvang	**3 372**	2 917
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**4 135**	3 721
Dividende betaal	**(1 834)**	(1 745)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**2 301**	1 976
Beleggingsaktiwiteite	**(2 121)**	(4 635)
Finansieringsaktiwiteite	**(818)**	(170)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**(638)**	(2 829)
Wisselkoerswins op buitelandse kontant	**110**	598
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**4 164**	6 395
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**3 636**	4 164
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**3 657**	4 188
Oortrokke bankrekening	**(21)**	(24)

ADDISIONELE INLIGTING

	30 Junie 2014	30 Junie 2013
Aantal aandele uitgereik		
– Gewone aandele sonder pariwaarde	**481 106 370**	481 106 370
– Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**35 506 352**	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**516 612 722**	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou		
– Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(2 960 766)**	(3 433 101)
	513 651 956	513 179 621
Geweegde aantal aandele	**513 404 676**	513 526 699

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

R miljoen	30 Junie 2014	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Genoteerde beleggings		
Geassosieerd		
– Boekwaarde	**36 601**	30 758
– Markwaarde	**79 734**	62 232
Ander		
– Boekwaarde	**880**	823
– Markwaarde	**880**	823
Ongenoteerde beleggings		
Geassosieerd		
– Boekwaarde	**11 090**	10 693
– Direkteurswaardasies (ongeouditeer)	**22 497**	20 727
Gesamentlike ondernemings		
– Boekwaarde	**4 478**	3 957
– Direkteurswaardasies (ongeouditeer)	**11 063**	9 673
Ander		
– Boekwaarde	**1 762**	1 345
– Direkteurswaardasies	**1 762**	1 345
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**852**	730
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**1 105**	1 439
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	**306**	348
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**3 568**	2 891

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Billike waarde hermetings

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasie-waarde en werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;
Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en
Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	*Vlak 1*	*Vlak 2*	*Vlak 3*	Totaal
30 Junie 2014				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	**880**	**–**	**1 762**	**2 642**
Afgeleide instrumente	**–**	**3**	**–**	**3**
Belegging in geldmarkfondse	**1 171**	**–**	**–**	**1 171**
	2 051	**3**	**1 762**	**3 816**
Laste				
Afgeleide instrumente	**–**	**10**	**–**	**10**
30 Junie 2013 (hersaamgestel)				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	823	–	1 285	2 108
Bates teen billike waarde deur wins en verlies	–	–	60	60
Afgeleide instrumente	–	364	73	437
Belegging in geldmarkfondse	1 140	–	–	1 140
	1 963	364	1 418	3 745
Laste				
Afgeleide instrumente	–	26	–	26

Die volgende tabelle toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates vanaf die begin tot die einde van die jaar:

R miljoen	*Beskikbaar vir verkoop*	*Bates teen billike waarde deur wins en verlies*	*Afgeleide instrumente*	Totaal
30 Junie 2014				
Saldo's aan die begin van die jaar	**1 285**	**60**	**73**	**1 418**
Toevoegings	**277**	**23**	**–**	**300**
Vervreemdings	**(3)**	**–**	**(111)**	**(114)**
Wisselkoersaanpassings	**64**	**–**	**–**	**64**
Oordrag na geëkwiteerde beleggings	**–**	**(83)**	**–**	**(83)**
Billike waarde aanpassings deur wins en verlies	**–**	**–**	**38**	**38**
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	**139**	**–**	**–**	**139**
Saldo's aan die einde van die jaar	**1 762**	**–**	**–**	**1 762**
30 Junie 2013 (hersaamgestel)				
Saldo's aan die begin van die jaar	779	40	80	899
Toevoegings	711	20	–	731
Vervreemdings	(20)	–	–	(20)
Wisselkoersaanpassings	101	–	–	101
Billike waarde aanpassings deur wins en verlies	–	–	(7)	(7)
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	(286)	–	–	(286)
Saldo's aan die einde van die jaar	1 285	60	73	1 418

Daar was geen oordragte tussen die verskillende vlakke nie.

HERSAMESTELLING VAN VERGELYKENDE SYFERS

Verwys na die aantekening, "Verandering in rekeningkundige beleid", vir verdere inligting.

R miljoen	Vir die jaar geëindig 30/06/2013 soos voorheen gerapporteer	IFRS 10 en IFRS 11 aanpassings	IAS 19 aanpassings	**Vir die jaar geëindig 30/06/2013 Hersaamgestel**
Uitwerking op inkomstestaat				
Verkope	16 446	20	–	**16 466**
Voorraaduitgawes*	(11 519)	(91)	–	**(11 610)**
Personeelkoste	(2 681)	(29)	3	**(2 707)**
Waardevermindering	(424)	(4)	–	**(428)**
Ander netto bedryfsuitgawes*	(1 460)	154	–	**(1 306)**
Rente ontvang	250	2	–	**252**
Finansieringskoste	(173)	(8)	–	**(181)**
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	(152)	(6)	–	**(158)**
Verlies met die verkoop van beleggings	(154)	–	4	**(150)**
Belasting	(249)	(10)	(2)	**(261)**
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	4 313	(197)	(81)	**4 035**
Netto wins vir die jaar	4 427	(169)	(76)	**4 182**
Toeskryfbaar aan:				
Ekwiteithouers	4 438	(183)	(76)	**4 179**
Nie-beherende belang	(11)	14	–	**3**
		(169)	(76)	
Uitwerking op wesensverdienste				
Wesensverdienste	4 387	(108)	(83)	**4 196**
Wesensverdienste, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste	5 699	(108)	(83)	**5 508**
Uitwerking op verdienste per aandeel (sent)				
Wesensverdienste per aandeel	854.3	(21.0)	(16.2)	**817.1**
Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste	1 109.8	(21.0)	(16.2)	**1 072.6**
Verdienste per aandeel	864.2	(35.6)	(14.8)	**813.8**

** Die bedrae vir "voorraaduitgawes" en "ander bedryfsuitgawes", soos vroeër in die 2013-inkomstestaat gerapporteer, is hersaamgestel. Voorheen is "voorraaduitgawes" onderstateer en "ander bedryfsuitgawes" oorstateer met R723 miljoen. Die hersamestelling het geen uitwerking op bedryfswins, verdienste of wesensverdienste gehad nie.*

R miljoen	Vir die jaar geëindig 30/06/2013 soos voorheen gerapporteer	IFRS 10 en IFRS 11 aanpassings	IAS 19 aanpassings	**Vir die jaar geëindig 30/06/2013 Hersaamgestel**
Uitwerking op staat van omvattende inkomste				
Netto wins vir die jaar	4 427	(169)	(76)	**4 182**
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:				
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	2 938	(25)	(9)	**2 904**
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:				
Aktuariële winste en verliese	–	–	8	**8**
Uitgestelde belasting op aktuariële winste en verliese	–	–	(2)	**(2)**
Verandering in reserwes van geëkwiteerde beleggings	(543)	27	61	**(455)**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	7 739	(167)	(18)	**7 554**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:				
Ekwiteithouers	7 750	(181)	(16)	**7 553**
Nie-beherende belang	(11)	14	(2)	**1**
		(167)	(18)	

HERSAMESTELLING VAN VERGELYKENDE SYFERS (vervolg)

R miljoen	Op 30/06/2013 soos voorheen gerapporteer	IFRS 10 en IFRS 11 aanpassings	IAS 19 aanpassings	**Op 30/06/2013 Hersaamgestel**
Uitwerking op staat van finansiële stand				
BATES				
Eiendom, aanleg en toerusting	5 354	36	–	**5 390**
Biologiese landboubates	107	300	–	**407**
Beleggings – Geëkwiteer	45 954	(234)	(312)	**45 408**
Uitgestelde belasting	9	–	(5)	**4**
Voorraad	2 528	5	–	**2 533**
Debiteure en korttermynlenings	2 939	(10)	–	**2 929**
Kontant en kontantekwivalente	4 221	(33)	–	**4 188**
Totale bates	72 759	64	(317)	**72 506**
LASTE				
Aftreevoordele	266	1	(2)	**265**
Langtermynlenings	5 774	75	–	**5 849**
Uitgestelde belasting	1 661	56	(4)	**1 713**
Handels- en ander krediteure	3 424	5	–	**3 429**
Korttermynlenings	361	38	–	**399**
Belasting	3	(2)	–	**1**
Totale laste	11 694	173	(6)	**11 861**
EKWITEIT				
Ekwiteitsreserwes				
Openingsaldo	9 367	10	(287)	**9 090**
Aanpassings vir die jaar	3 689	(194)	(26)	**3 469**
Ander reserwes				
Openingsaldo	669	–	1	**670**
Aanpassings vir die jaar	220	–	(1)	**219**
Verdeelbare reserwes				
Openingsaldo	39 725	–	(7)	**39 718**
Aanpassings vir die jaar	2 162	13	11	**2 186**
Nie-beherende belang				
Openingsaldo	799	50	–	**849**
Aanpassings vir die jaar	1 156	12	(2)	**1 166**
Totale ekwiteit	61 065	(109)	(311)	**60 645**
Uitwerking op staat van kontantvloei				
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	1 999	(23)	–	**1 976**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(4 558)	(77)	–	**(4 635)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	(236)	66	–	**(170)**
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	6 394	1	–	**6 395**
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	4 197	(33)	–	**4 164**

R miljoen	Op 01/07/2012 soos voorheen gerapporteer	IFRS 10 en IFRS 11 aanpassings	IAS 19 aanpassings	**Op 01/07/2012 Hersaamgestel**
Uitwerking op staat van finansiële stand				
BATES				
Eiendom, aanleg en toerusting	3 485	17	–	**3 502**
Biologiese landboubates	99	219	–	**318**
Beleggings – Geëkwiteer	38 451	(42)	(286)	**38 123**
Uitgestelde belasting	6	–	1	**7**
Voorraad	2 002	2	–	**2 004**
Debiteure en korttermynlenings	2 071	(12)	–	**2 059**
Kontant en kontantekwivalente	6 484	1	–	**6 485**
Bates gehou vir verkoop	214	(40)	–	**174**
Totale bates	58 027	145	(285)	**57 887**
LASTE				
Aftreevoordele	203	1	9	**213**
Langtermynlenings	105	33	–	**138**
Uitgestelde belasting	673	45	(1)	**717**
Handels- en ander krediteure	2 493	(6)	–	**2 487**
Korttermynlenings	279	14	–	**293**
Belasting	9	(2)	–	**7**
Totale laste	3 774	85	8	**3 867**
EKWITEIT				
Ekwiteitsreserwes	9 367	10	(287)	**9 090**
Ander reserwes	669	–	1	**670**
Verdeelbare reserwes	39 725	–	(7)	**39 718**
Nie-beherende belang	799	50	–	**849**
Totale ekwiteit	54 253	60	(293)	**54 020**

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state is ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk (JSE) vir verkorte finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet wat van toepassing is op verkorte finansiële state opgestel. Die JSE vereis dat verkorte finansiële state ooreenkomstig die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die SAICA Riglyne soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarde Raad opgestel word, en ook om, as 'n minimum, die inligting soos vereis deur *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening* te bevat.

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die gekonsolideerde finansiële state, waaruit die verkorte gekonsolideerde finansiële state afgelei is, is ooreenkomstig IFRS en in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die vorige gekonsolideerde finansiële state, met die uitsondering van die implementering van *IFRS 10: Gekonsolideerde Finansiële State, IFRS 11: Gesamentlike Reëlings* en die wysigings aan *IAS 19: Werknemervoordele*. Die implementering van IFRS 10, IFRS 11 en die gewysigde IAS 19 vereis 'n hersamestelling van die vergelykende resultate, soos uiteengesit in die "Veranderinge in rekeningkundige beleid"-aantekening hieronder, sowel as die afdeling "Hersamestelling van vergelykende syfers". Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Leon Crouse GR(SA), opgestel.

In die jaar onder oorsig het verskeie nuwe en gewysigde rekeningkundige standpunte in werking getree, maar die implementering daarvan het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige jaar gehad nie.

2. VERANDERINGE IN REKENINGKUNDIGE BELEID

Met ingang van 1 Julie 2013 het Remgro *IFRS 10: Gekonsolideerde Finansiële State, IFRS 11: Gesamentlike Reëlings* en die gewysigde *IAS 19: Werknemervoordele* geïmplementeer. Hierdie rekeningkundige standpunte moet ingevolge hulle oorgangsbepalings terugwerkend toegepas word en gevolglik is die gerapporteerde resultate van die vergelykende jaar wat aangebied word, hersaamgestel, met die kumulatiewe uitwerking soos op 1 Julie 2012, wat as 'n aanpassing teen openingsekwiteit verantwoord is.

IFRS 10 en IFRS 11

Hierdie nuwe rekeningkundige standpunte verbreed die definisie van "beheer" en dus "gesamentlike beheer" en gevolglik moet alle regte met betrekking tot beleggingsmaatskappye oorweeg word ten einde te bepaal of die belegging as 'n filiaal, geassosieerde of gesamentlike onderneming geklassifiseer moet word.

Remgro het die beleggings in Distell Groep Beperk en die CIV groep as gesamentlike ondernemings herklassifiseer, terwyl dit voorheen as geassosieerdes verantwoord is. Die verandering in klassifikasie het geen uitwerking op die groep se meting van die beleggings gehad nie aangesien die ekwiteitsmetode gebruik word om beide geassosieerdes en gesamentlike ondernemings te verantwoord. In die geval van TSB Sugar Holdings Eiendoms Beperk (TSB), is sekere van sy beleggingsmaatskappye wat voorheen as gesamentlike ondernemings geklassifiseer is (en gevolglik geëkwiteer is), as filiale herklassifiseer. Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk het ook sekere van sy beleggings wat voorheen teen billike waarde verantwoord is, as geassosieerdes herklassifiseer. Dit sluit die belegging in MMI Holdings Beperk in, wat voorheen teen billike waarde deur wins en verlies verantwoord is.

IAS 19

Die gewysigde IAS 19 het aansienlike veranderinge in die rekeningkundige hantering van omskrewevoordeel na-aftrede planne teweeggebring. Die belangrikste verandering van die gewysigde IAS 19 hou verband met die verwydering van die keuse om die erkenning van verstreke dienskoste en aktuariële winste en verliese uit te stel. Sodanige hermetings word nou onderskeidelik ten volle in die inkomstestaat en in ander omvattende inkomste verantwoord in die tydperk waarin hulle ontstaan. Die rekeningkundige standpunt het ook rentekoste en verwagte opbrengs op planbates met 'n netto rentebedrag vervang wat gelyk is aan die verdiskonteringskoers wat gebruik word om aftreevoordeelverpligtinge te bepaal.

Die toepassing van die gewysigde IAS 19 het Remgro en sy filiale, RCL Foods Beperk en TSB, geaffekteer, sowel as sekere wesentlike geassosieerdes soos FirstRand Beperk, RMB Holdings Beperk en Mediclinic International Beperk (Mediclinic).

Verwys na die gedeelte "Hersamestelling van vergelykende syfers" vir verdere inligting.

3. VERGELYKING MET VORIGE JAAR

Gedurende die vorige finansiële jaar het Mediclinic wesentlike eenmalige kostes wat met die volledige herfinansiering van sy Switserse en Suid-Afrikaanse skuld verband hou, aangegaan. Remgro se deel van hierdie eenmalige items, wat ingesluit is in sy resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2013, bedra 'n verlies van R1 312 miljoen.

Vanweë die wesentlike aard van die bedrae ter sprake, word wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel ook aangebied met uitsluiting van Remgro se deel van Mediclinic se herfinansieringskoste waarna hierbo verwys is.

4. RESULTATE

Wesensverdienste

Wesensverdienste vir die jaar tot 30 Junie 2014 bedra R6 635 miljoen vergeleke met R4 196 miljoen vir die jaar tot 30 Junie 2013, wat 'n styging van 58.1% verteenwoordig, terwyl wesensverdienste per aandeel met 58.2% van 817.1 sent tot 1 292.4 sent toegeneem het.

Met uitsluiting van die uitwerking van die eenmalige items wat met Mediclinic se herfinansierings-transaksie, waarna vroeër verwys is, verband hou, het wesensverdienste met 20.5% vanaf R5 508 miljoen tot R6 635 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel ook met 20.5% vanaf 1 072.6 sent tot 1 292.4 sent toegeneem het, soos in die tabel hieronder aangetoon.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

R miljoen	**Jaar geëindig 30 Junie 2014**	% *Verandering*	Jaar geëindig 30 Junie 2013 Hersaamgestel
Voedsel, drank en huishoudelike sorg	**795**	*(29.2)*	1 123
Bankwese	**2 542**	*22.4*	2 077
Gesondheidsorg	**1 489**	*403.3*	(491)
Versekering	**871**	*30.8*	666
Nywerheid	**700**	*27.7*	548
Infrastruktuur	**166**	*(15.3)*	196
Media en sport	**64**	*(46.2)*	119
Ander beleggings	**59**	*3.5*	57
Sentrale tesourie	**83**	*2 666.7*	3
Ander netto korporatiewe koste	**(134)**	*(31.4)*	(102)
Wesensverdienste	**6 635**	*58.1*	4 196
Mediclinic herfinansieringskoste	**–**	–	1 312
Wesensverdienste, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste	**6 635**	*20.5*	5 508

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning

Voedsel, drank en huishoudelike sorg

Die bydrae van voedsel, drank en huishoudelike sorg tot Remgro se wesensverdienste het R795 miljoen bedra (2013: R1 123 miljoen), 'n afname van 29.2%. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van laer bydraes van RCL Foods en TSB. RCL Foods het 'n wesensverlies van R303 miljoen gerapporteer vir die jaar onder oorsig (2013: R29 miljoen wins), waarvan Remgro se gedeelte van die verlies R239 miljoen (2013: R21 miljoen wins) bedra het. In die jaar onder oorsig is RCL Foods se resultate negatief beïnvloed deur die volgende items:

- Wesentlike buitelandse valutaverliese weens die vroeë aflossing van Foodcorp se euro-gedenomineerde skuld
- Eenmalige SEB-koste wat verband hou met die herstrukturering van sy SEB-aandeelhouding
- Wesentlike transaksiekoste ten opsigte van verskeie korporatiewe bedrywighede gedurende die jaar
- Voortgesette hoë vlakke van goedkoop mededingende hoenderinvoere en hoë insetkoste

TSB se bydrae tot wesensverdienste was R192 miljoen (2013: R316 miljoen). Daar moet op gelet word dat TSB se bydrae net sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2013 insluit vanweë die feit dat Remgro in Januarie 2014 sy 100%-belang in TSB aan RCL Foods verkoop het. TSB se wesensverdienste vir die volle jaar bedra R218 miljoen (2013: R316 miljoen). Hierdie afname was hoofsaaklik te wyte aan laer plaaslike verkoopsvolumes en laer marges wat gerealiseer is weens die negatiewe uitwerking van verhoogde suikerinvoere. Unilever se bydrae tot wesensverdienste het met 18.5% afgeneem tot R347 miljoen (2013: R426 miljoen). Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van groei in omset, teengewerk deur 'n toename in aanbodkettingkostes, sowel as beleggings in handelsmerke en bemarking en herstruktureringskoste. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R495 miljoen (2013: R360 miljoen) bedra. Gedurende April 2013 het Distell vir Burn Stewart Distillers Limited verkry en sy resultate vir die huidige jaar sluit 'n gunstige hermeting in ten bedrae van R159 miljoen van die voorwaardelike teenprestasie wat met die verkryging betaalbaar is. In die vergelykende jaar is Distell se resultate negatief beïnvloed deur kostes wat verband hou met die verkryging van nuwe besighede en 'n rente-voorsiening op aksynsbelasting, wat in totaal R265 miljoen bedra het. Met die uitsluiting van hierdie eenmalige items, sou Distell se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 1.6% tot R442 miljoen afgeneem het. Remgro se effektiewe belang in Distell het vanaf 33.4% tot 31.0% afgeneem.

Bankwese

Die bydrae van die bankafdeling tot wesensverdienste het R2 542 miljoen (2013: R2 077 miljoen) bedra, 'n styging van 22.4%. Beide FirstRand en RMBH het goeie wesensverdienstegroei van 21.8% en 22.8% onderskeidelik gerapporteer, hoofsaaklik vanweë groei in beide rente-inkomste en nie-rente-inkomste by FNB, RMB en WesBank, asook 'n aansienlike vermindering in krediet-waardedalingskoste op 'n jaargrondslag.

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was 'n wins van R1 489 miljoen (2013: R491 miljoen verlies). Hierdie toename in winste was hoofsaaklik weens die uitwerking van die eenmalige items wat met die Mediclinic-herfinansieringstransaksie in die vergelykende jaar verband hou, waarna vroeër verwys is. Uitgesluit hierdie eenmalige items, sou Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 81.4% vanaf R821 miljoen toegeneem het, hoofsaaklik vanweë stewige vertonings deur al drie bedryfsplatforms, sowel as 'n eenmalige verstreke dienskoste-krediet van R192 miljoen, wat verband hou met sy aftreevoordele-verpligtinge.

Versekering

RMI Holdings is die enigste belegging wat onder versekeringsbelange gerapporteer word. RMI Holdings het 'n toename van 28.4% in wesensverdienste gerapporteer, met al drie bedryfsplatforms, naamlik Discovery, MMI Holdings en OUTsurance, wat uitstekende wesensverdienstegroei van onderskeidelik 45.6%, 28.5% en 19.2% behaal het.

Nywerheid
Total South Africa se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R233 miljoen (2013: R258 miljoen) bedra en die afname is ongeag meer gunstige voorraadherwaardasies as in die vergelykende tydperk, wat teengewerk is deur 'n toename in sy voorsiening vir terreinrehabilitasiekoste. Remgro se deel van die resultate van KTH het R71 miljoen (2013: R36 miljoen) bedra. Wispeco se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R107 miljoen (2013: R64 miljoen) bedra. Hierdie toename in wesensverdienste is hoofsaaklik te danke aan beter verkoopsvolumes en -pryse, asook aan verbeterde produksiedoeltreffendheid. Air Products en PGSI se bydraes tot wesensverdienste het onderskeidelik R217 miljoen en R72 miljoen (2013: R180 miljoen en R10 miljoen) bedra.

Infrastruktuur
Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R108 miljoen bedra (2013: R144 miljoen). Die afname is hoofsaaklik die gevolg van 'n swakker bedryfsprestasie deur sy kommoditeits-verhandeling-afdeling. Hierdie bedrywighede is, soos beplan, in die proses om afgeskaal en verkoop te word. Vir die jaar onder oorsig het die CIV groep R58 miljoen tot wesensverdienste bygedra (2013: R59 miljoen). SEACOM het 'n wesensverlies van R26 miljoen vir die jaar onder oorsig gerapporteer (2013: R3 miljoen verlies) en Remgro se deel van hierdie verlies het R6 miljoen bedra (2013: 'n verlies van minder as R1 miljoen).

Media en sport
Media- en sportbelange bestaan hoofsaaklik uit die belange in Sabido en Premier Team Holdings (PTH). Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R131 miljoen (2013: R148 miljoen) bedra. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van wesentlike nuwe besigheidontwikkelingsuitgawes wat gedurende die tydperk onder oorsig aangegaan is. PTH se bydrae tot wesensverdienste was 'n verlies van R68 miljoen (2013: R37 miljoen verlies).

Ander beleggings
Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R59 miljoen (2013: R57 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R33 miljoen (2013: R32 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste
Die bydrae deur die sentrale tesourie-afdeling het R83 miljoen (2013: R3 miljoen) bedra. Hierdie toename was hoofsaaklik as gevolg van buitelandse wisselkoersverliese van R98 miljoen in die vergelykende tydperk met die verskansing van die repatriasie van 'n gedeelte van Remgro se buitelandse kontant. Ander netto korporatiewe koste het R134 miljoen (2013: R102 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van die netto na-belaste onderskrywingsfooi van R46 miljoen wat ingevolge die Mediclinic-regteaanbod in die vergelykende jaar ontvang is.

Totale verdienste
Totale verdienste het met 65.5% tot R6 917 miljoen (2013: R4 179 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die koste verbonde aan Mediclinic se herfinansiering in die vergelykende jaar.

5. INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 20.1% vanaf R204.83 op 30 Junie 2013 tot R245.96 op 30 Junie 2014 toegeneem. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

6. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

RCL Foods Beperk (RCL Foods)
Gedurende die vorige finansiële jaar het RCL Foods 'n effektiewe belang van 64.2% in New Foodcorp Holdings Eiendoms Beperk (Foodcorp) verkry. Gedurende die jaar onder oorsig het RCL Foods die oorblywende 35.8%-belang in Foodcorp in twee afsonderlike transaksies vanaf Foodcorp bestuur en Capitau Investment Advisors Eiendoms Beperk vir 'n totale kontantbedrag van R520.7 miljoen verkry.

Gedurende Januarie 2014 het RCL Foods ook 100% van die aandele in TSB Sugar RSA Eiendoms Beperk en TSB International Eiendoms Beperk (saam verwys na TSB) vanaf Remgro verkry. Die totale koopsom van R4.0 miljard is op 17 Januarie 2014 vereffen toe 230.9 miljoen nuwe RCL Foods-aandele aan Remgro teen 'n prys van R17.32 per aandeel uitgereik is.

As deel van die aankondiging waarna hierbo verwys word, het RCL Foods ook aangekondig dat hy van voorneme is om sy bestaande SEB veronderstelde handelaargefinansierde aandeelhouding te herstruktureer, sowel as TSB se SEB-skema by RCL Foods te implementeer. RCL Foods het verder ook voorgestel om kapitaal ten bedrae van R2.5 miljard te bekom deur 'n kombinasie van 'n pro rata-aanbieding aan bestaande minderheidsaandeelhouers (uitgesluit Remgro en RCL Foods se bestaande SEB-partye) en 'n spesifieke uitreiking van nuwe aandele deur 'n plasing by kwalifiserende beleggers.

RCL Foods se aandeelhouers het die SEB-transaksies en kapitaalverkryging waarna hierbo verwys is op 16 Januarie 2014 goedgekeur. Die resultate van die pro rata-aanbieding, ingevolge waarvan R790 miljoen verkry is, is op 5 Februarie 2014 aangekondig. Op 19 Februarie 2014 het RCL Foods aangekondig dat die plasing van nuwe aandele ten einde die balans van die R2.5 miljard waarna hierbo verwys word te bekom, uitgestel is, onderhewig aan marktoestande, sy kontant/hefboomfinansiering-situasie en die verwagte tydsberekening van beleggings-kontantvloeie.

Die TSB SEB-transaksie en die herstrukturering van RCL Foods se bestaande SEB-aandeelhouding is op 3 April 2014 en 26 Mei 2014 onderskeidelik geïmplementeer. RCL Foods het as deel van hierdie transaksies 'n addisionele 19.6 miljoen nuwe RCL Foods-aandele uitgereik.

Op 30 Junie 2014 was Remgro se effektiewe belang in RCL Foods 77.7% (2013: 75.9%).

PG Groep van Maatskappye (PGSI)

PGSI is die buitelandse beheermaatskappy van die Plate Glass-groep. In die jaar onder oorsig het Remgro aan twee regte-aanbiedinge deelgeneem en 'n bykomende R47.1 miljoen in PGSI belê.

In Junie 2009 het Remgro R129.6 miljoen in PGSI se kumulatiewe, aflosbare voorkeuraandele, met 'n termyn van vyf jaar, belê. Saam met sy belegging in PGSI-voorkeuraandele het Remgro ook die reg bekom om die opbrengs by aflossing te gebruik om vir nuwe gewone aandele in PGSI in te teken. In Junie 2014 is die voorkeuraandele afgelos en Remgro het die opbrengs gebruik om vir 8.3 miljoen gewone aandele in PGSI in te teken.

Bogenoemde transaksies het Remgro se belang in PGSI tot 37.7% (2013: 25.3%) verhoog.

Grindrod Beperk (Grindrod)

In Mei 2014 het Grindrod, deur 'n versnelde boekbou-aanbieding, 96 miljoen nuwe Grindrod-aandele aan kwalifiserende beleggers uitgereik en sodoende R2.4 miljard se bykomende kapitaal verkry. As deel van hierdie proses het Remgro 'n verdere 26.1 miljoen aandele in Grindrod, vir 'n totale bedrag van R652 miljoen of R25.00 per aandeel, verkry.

Na afloop van die Grindrod-boekbou het Remgro en Grindrod Investments Eiendoms Beperk, aan wie ook Grindrod-aandele ingevolge die boekbouproses toegeken is, die geleentheid aan kwalifiserende Grindrod-aandeelhouers gebied om aan 'n terugvorderingsaanbod deel te neem, ook teen R25.00 per Grindrod-aandeel. Ingevolge die terugvorderingsaanbod het Remgro 4.0 miljoen aandele vir 'n totale bedrag van R101.1 miljoen, wat deur middel van die boekbouproses verkry is, van die hand gesit.

In Junie 2014 het Grindrod 'n verdere 64 miljoen aandele aan 'n konsortium, bestaande uit strategiese swart beleggers, uitgereik. Dié uitreiking, saam met die boekbou-aanbod waarna hierbo verwys is, het Remgro se effektiewe belang in Grindrod tot 22.6% (2013: 25.0%) verminder.

Die CIV groep

Voorheen het Remgro se belang in die CIV groep uit sy beleggings in Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (Dark Fibre Africa), CIV Fibre Network Solutions Eiendoms Beperk (CIV FNS), CIE Telecommunications Eiendoms Beperk (CIE Telecommunications), CIV Power Eiendoms Beperk (CIV Power), asook Central Lake Trading No. 77 Eiendoms Beperk (Central Lake) bestaan.

Op 1 April 2014 is die CIV groep herstruktureer om die beheerstruktuur te vereenvoudig, van veelvuldige toegangspunte tot 'n enkele toegangspunt, om sodoende die belange van alle aandeelhouers in ooreenstemming te bring. Gevolglik het Remgro sy belange in Dark Fibre Africa, CIV FNS, CIE Telecommunications, CIV Power en Central Lake geruil vir 'n direkte belegging in Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH). Die herstrukturering het nie Remgro se belang in Dark Fibre Africa wesentlik verander nie en dus sal die verdienstebydrae van CIVH in die toekoms vergelykbaar wees met dié van die gesamentlike bydrae van die beleggingsmaatskappye voor die herstrukturering.

As deel van die herstrukturering het Remgro R67.3 miljoen in CIVH belê en op 30 Junie 2014 was Remgro se effektiewe belang in CIVH 50.7% (2013: effektiewe belang in die CIV groep van 43.8%). Vir rekeningkundige doeleindes word die belegging in CIVH as 'n gesamentlike onderneming geklassifiseer.

Distell Groep Beperk (Distell)
As deel van die herstrukturering van sy SEB-transaksie, en om sy huidige SEB-gradering te behou, het Distell in Januarie 2014 15.0 miljoen nuwe gewone aandele aan SEB-aandeelhouers uitgereik. Die uitreiking van aandele het Remgro se totale belang in Distell, wat die indirekte belang insluit wat deur Capevin Holdings gehou word, van 33.4% tot 31.0% verwater.

ElementOne Beperk (ElementOne)
Op 29 November 2013 het 'n konsortium gelei deur Rand Aksepbank en Remgro, deur 'n spesiale-doel-entiteit (Main Street 1132 Eiendoms Beperk, of Bidco), 'n aanbod gemaak om 100% van ElementOne te verkry. ElementOne-aandeelhouers is 'n bedrag van R22.507 per aandeel vir hulle aandele in die maatskappy aangebied. Die aanbod was 'n kombinasie van kontant en aandele in Caxton and CTP Publishers and Printers Beperk (Caxton).

Op 7 Februarie 2014 is aangekondig dat alle opskortende voorwaardes wat op die transaksie van toepassing was, nagekom is, en die transaksie is op 25 Februarie 2014 geïmplementeer. Remgro het geen befondsing vir die transaksie verskaf nie, maar sedert die implementering van die transaksie sowel as die breër herstrukturering van die Caxton-beheerstruktuur, het Remgro effektief sy 1.8% direkte belang vir 'n 6.1% indirekte belang in Caxton verruil.

Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III)
Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere $25.2 miljoen in Milestone III belê en daardeur sy kumulatiewe belegging tot $53.4 miljoen verhoog. Op 30 Junie 2014 het die oorblywende verpligting teenoor Milestone III $46.6 miljoen beloop.

Ander kleiner beleggings wat gedurende die jaar onder oorsig gemaak is in onder andere die Milestone China Opportunities Fund II en Premier Team Holdings Limited, het R77 miljoen bedra.

Daar was geen wesentlike transaksies sedert 30 Junie 2014 nie.

7. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2013 is 3 433 101 Remgro gewone aandele (0.7%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaal-maatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskema te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 472 335 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers, wat die regte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 30 Junie 2014 is 2 960 766 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele gehou.

8. KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2014 was soos volg:

R miljoen	30 Junie 2014 Plaaslik	Buiteland	Totaal	30 Junie 2013 Hersaamgestel
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	**2 958**	**699**	**3 657**	4 188
Belegging in geldmarkfondse	**746**	**425**	**1 171**	1 140
Min: Kontant van bedryfsfiliale	**(1 491)**	**(73)**	**(1 564)**	(2 595)
Kontant by die kern	**2 213**	**1 051**	**3 264**	2 733

Op 30 Junie 2014 was ongeveer 40% (R425 miljoen) van die beskikbare buitelandse kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê.

DIREKSIE

Met ingang van 31 Desember 2013 het mnr J W Dreyer as uitvoerende direkteur van die raad van Remgro uitgetree.

Die raad bedank hom vir sy waardevolle bydrae oor baie jare.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding van 'n verkorte weergawe van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state.

Die finansiële state is deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. geoudit en hul ongemodifiseerde verslag op die volledige finansiële state is beskikbaar vir inspeksie by die geregistreerde kantoor van die maatskappy. Die ouditverslag van toepassing op die verkorte finansiële state is aangeheg.

Die ouditmening is nie noodwendig van toepassing op al die inligting ingesluit in hierdie aankondiging/finansiële resultate nie. Aandeelhouers word dus geadviseer om die ouditverslag en meegaande finansiële inligting te bekom by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ten einde 'n behoorlike begrip van die aard van die ouditeur se prosedures te verkry.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Sekondêre belasting op maatskappye (SBM) en dividendbelasting
Met ingang van 1 April 2012 is SBM vervang met 'n dividendbelasting. Ingevolge die nuwe wetgewing, sal maatskappye toegelaat word om hul beskikbare SBM-krediete, vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die effektiewe datum van dividendbelasting, teen toekomstige dividende aan te wend.

Verklaring van Dividend Nr. 28
Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 233 sent (2013: 201 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2014.

Die maatskappy sal SBM-krediete van 233 sent per gewone aandeel en 233 sent per ongenoteerde B-gewone aandeel aanwend. Daar sal gevolglik geen dividendbelasting afgetrek word op die finale bruto dividend vir enige Remgro-aandeelhouer nie.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 481 106 370 gewone aandele en 35 506 352 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer	Vrydag, 7 November 2014
Aandele verhandel ex dividend	Maandag, 10 November 2014
Rekorddatum	Vrydag, 14 November 2014
Betaaldatum	Maandag, 17 November 2014

Aandeelsertifikate mag nie tussen Maandag, 10 November 2014, en Vrydag, 14 November 2014, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer gepos sal word nie. Indien u in die verlede dividendtjeks ontvang het, kontak asseblief die Oordragsekretaris om hulle van bevestiging van u bankrekening te voorsien. Indien aandeelhouers nie die Oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as "onopgeëis" gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die Oordragsekretaris voorsien het.

Die geïntegreerde jaarverslag sal gedurende Oktober 2014 aan lede gepos word en sal dan ook op Remgro se webwerf by www.remgro.com beskikbaar wees.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
17 September 2014

BYLAAG A
SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2014	Jaar geëindig 30 Junie 2013 Hersaamgestel
Voedsel, drank en huishoudelike sorg		
Unilever Suid-Afrika	**347**	426
Distell[1]	**495**	360
RCL Foods[2]	**(239)**	21
TSB[2]	**192**	316
Bankwese		
RMBH	**1 793**	1 460
FirstRand	**749**	617
Gesondheidsorg		
Mediclinic	**1 489**	(491)
Versekering		
RMI Holdings	**871**	666
Nywerheid		
Air Products South Africa	**217**	180
KTH	**71**	36
Total South Africa	**233**	258
PGSI	**72**	10
Wispeco	**107**	64
Infrastruktuur		
Grindrod	**108**	144
CIV groep	**58**	59
SEACOM	**(6)**	–
Ander infrastruktuurbelange	**6**	(7)
Media en sport		
Sabido	**131**	148
Ander media- en sportbelange	**(67)**	(29)
Ander beleggings	**59**	57
Sentrale tesourie	**83**	3
Ander netto korporatiewe koste	**(134)**	(102)
Wesensverdienste	**6 635**	4 196
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**513.4**	513.5
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**1 292.4**	817.1

[1] *Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.*

[2] *TSB se bydrae sluit net sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2013 in vanweë die feit dat Remgro in Januarie 2014 sy 100%-belang in TSB aan RCL Foods verkoop het. TSB se resultate vir die ses maande geëindig 30 Junie 2014 is deur RCL Foods verantwoord.*

BYLAAG B
SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

R miljoen	30 Junie 2014 Boekwaarde	30 Junie 2014 Intrinsieke waarde	30 Junie 2013 Boekwaarde Hersaamgestel	30 Junie 2013 Intrinsieke waarde
Voedsel, drank en huishoudelike sorg				
Unilever Suid-Afrika	**3 086**	**9 037**	3 099	8 676
Distell[1]	**2 864**	**9 336**	2 623	8 073
RCL Foods	**6 862**	**10 547**	5 121	6 759
TSB	**–**	**–**	1 877	3 964
Bankwese				
RMBH	**11 225**	**20 743**	10 346	15 541
FirstRand	**3 969**	**8 957**	3 622	6 359
Gesondheidsorg				
Mediclinic	**10 597**	**29 316**	7 429	24 640
Versekering				
RMI Holdings	**6 224**	**14 739**	5 645	11 331
Nywerheid				
Air Products South Africa	**839**	**3 610**	691	3 126
KTH	**2 061**	**2 481**	2 304	2 425
Total South Africa	**1 329**	**1 596**	1 192	1 275
PGSI	**760**	**760**	568	571
Wispeco	**540**	**778**	458	414
Infrastruktuur				
Grindrod	**3 667**	**4 513**	2 868	3 103
CIV groep	**1 657**	**2 282**	1 650	2 305
SEACOM	**569**	**991**	617	1 069
Ander infrastruktuurbelange	**829**	**829**	776	776
Media en sport				
Sabido	**974**	**2 528**	929	2 279
Ander media- en sportbelange	**534**	**533**	608	605
Ander beleggings	**2 699**	**2 767**	2 185	2 204
Sentrale tesourie – kontant by die kern[2]	**3 264**	**3 264**	2 733	2 733
Ander netto korporatiewe bates	**1 486**	**1 860**	1 289	1 516
Netto batewaarde (NBW)	**66 035**	**131 467**	58 630	109 744
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[3]		**(5 130)**		(4 628)
NBW na belasting	**66 035**	**126 337**	58 630	105 116
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**513.7**	**513.7**	513.2	513.2
NBW na belasting per aandeel (Rand)	**128.56**	**245.96**	114.25	204.83

[1] *Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.*
[2] *Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods, TSB en Wispeco).*
[3] *Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar vir verkoop" is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.*
[4] *Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.*
[5] *Intrinsieke waardes is ongeouditeer.*

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR OP DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk, soos uiteengesit op bladsye 1 tot 13 en 22 van die geouditeerde gekonsolideerde resultate, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 30 Junie 2014, die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat en die verkorte gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en verwante aantekeninge, is afgelei vanaf die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2014. Ons het 'n ongemodifiseerde ouditmening uitgespreek oor die gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 17 September 2014. Ons ouditverslag oor die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state het 'n "Ander Aangeleentheid"-paragraaf: "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" bevat (verwys hieronder).

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state bevat nie al die openbaarmaking soos vereis deur Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, soos toepaslik, op finansiële jaarstate nie. Die lees van die verkorte gekonsolideerde finansiële state is gevolglik nie 'n plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk nie.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die verkorte gekonsolideerde finansiële state

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding van 'n verkorte weergawe van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk (JSE) vir verkorte finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op verkorte finansiële state, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van verkorte gekonsolideerde finansiële state, wat vry is van wesentlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

Ouditeur se verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n mening oor hierdie verkorte gekonsolideerde finansiële state uit te spreek gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig '*International Standard on Auditing (ISA) 810, Engagements to Report on Summary Financial Statements*', uitgevoer was.

Mening

Na ons mening is die verkorte gekonsolideerde finansiële state wat afgelei is vanaf die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2014, in alle wesentlike opsigte, konsekwent met die gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig met die vereistes van die JSE vir verkorte finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op verkorte finansiële state.

Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word

Die "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" -paragraaf in ons ouditverslag gedateer 17 September 2014 dui aan dat ons as deel van ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2014 die Direkteursverslag, die Verslag van die Oudit-en-Risikokomitee en die Sertifikaat van die Maatskappysekretaris gelees het ten einde wesentlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state te identifiseer. Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die onderskeie opstellers daarvan. Die paragraaf dui ook aan dat ons nie wesentlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state gebaseer op die lees van hierdie verslae geïdentifiseer het nie. Die paragraaf dui verder aan dat ons nie hierdie verslae geoudit het nie en dienooreenkomstig nie 'n mening oor hierdie verslae uitspreek nie. Die paragraaf het geen uitwerking op die verkorte gekonsolideerde finansiële state of ons mening daaroor nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: N H Döman
Geregistreerde Ouditeur

Stellenbosch
17 September 2014

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert *(Voorsitter)*, E de la H Hertzog *(Ondervoorsitter)*, G T Ferreira*, P K Harris*, N P Mageza*, J Malherbe, P J Moleketi*, M Morobe*, F Robertson*, H Wessels* *(*Onafhanklik)*

Uitvoerende direkteure
J J Durand *(Hoofuitvoerende beampte)*, W E Bührmann, L Crouse

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
M Lubbe

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Millenniapark, Stellentialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services Eiendoms Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank ('n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

www.remgro.com